

**Sing vooraf: 119:8 (p. 587)**

- 8 HEER, U dreig hul wat, vermetel / nie op u gebooie ag.  
As hul smaad, wend dan hul smaadheid / van my wat u wet betrag.  
Ook al kom die vorste same / en versin hul teen my kwaad –  
juig ek tog in teënhede, / want u wet skenk vreugde en raad.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 105:2 (p. 514)**

- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;  
beroem jul in sy heil'ge Naam. / Laat almal wat Hom soek, nou saam  
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

**Geloofsbelydenis: Nicea**

*Na die wet sing ons van skuldvergifnis uit Psalm 32:4 (p. 152)*

Wet

**Psalm 32:4 (p. 152)**

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,  
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.  
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,  
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en  
sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

**Psalm 16:5 (p. 62)**

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Skriflesing: 1 Korintiërs 10

Teks: 1 Korintiërs 10:11

**Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n  
waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. (1 Korintiërs 10:11  
AFR1953)**

Dit is ongelooflik hoeveel moeite die Here doen om ons te leer en voor te berei op die dinge wat alles  
aan die einde van die tyd gaan gebeur.

- Die Here is werklik bekommerd oor die toestand van ons geloof en daarom het die Heilige Gees al baie lank gelede gebeurtenisse (en foute) uit vroeëre gelowiges se lewens vir ons laat neerskryf, sodat ons nie daardie selfde foute moet herhaal nie.

Daar is ook 'n rede voor dat die Here ons so besonder versorg in hierdie opsig.

- Ons leef in die belangrikste en gevaarlikste tydperk wat die koms van God se koninkryk raak.
- Dit is die tyd van die grootste geloofsverdwaaaldheid.
- In ons tyd is die duiwel se aanslae op sy kwaaieste.
- Sy verwoestingswerk het baie sigbaar geword vir ons wat die vermoë het om die geestelike wêreld te kan waarneem.

Een van die dodelikste dinge wat 'n gelowige kan oorkom, is valse gerustheid.

- Die Here sê hier: Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.
- Dit beteken dat ons so houtgerus kan raak oor ons geloofslawe dat ons al lankal met verkeerde dinge besig is sonder dat ons dit agterkom.

Die saak kan ook anders verloop!

- Ons kan so hoogmoedig wees dat ons kan dink dat ons weet wat reg is, maar omdat ons nie altyd beginselsake tot op die bodem toe deurdink en aan God se eise toets nie, is ons baie keer heeltemal verkeerd.
- Ons dink dat ons die sonde kan hanteer, maar ons is nie werklik in staat om dit te doen nie.

Dit klink asof die Bybel homself hier weerspreek as hy leer dat iemand wat sy eie kragte oorskakel, tot 'n val kan kom, want die uitverkiesing leer dan nou juis dat ons in die Here Jesus gered is, al is ons sondes hoe groot ook al.

- Die Bybel weerspreek hom nie, want die Bybel leer ook dat daar mense is wat nie in Christus geheilig is nie, wat hulle tussen die gelowiges bevind.
- Dit is waar hierdie hoofstuk inpas.

Al kry ons hoeveel onberekenbare genade in Jesus Christus, beteken dit nie dat ons maar net roekeloos in die lewe kan voortjaag nie.

- Ons word nêrens van ons geloofsverantwoordelikheid onthef nie.
- Ons lewe, en ook die gesindheid waarmee ons lewe, moet juis getuig en bewys dat ons verlos is en dat ons hierdie verlossing waardeer.

Daarom leer hierdie hoofstuk hoe mense lyk wat God nie werklik ken nie.

- Daar word beskryf hoe hulle optree, sodat ons kan verstaan dat hulle inderdaad in die hel gegooi moet word.
- Sodat ons weer op ons beurt gewaarsku kan wees om weg te bly van hulle manier van lewe af.

In vers 1 begin Paulus vir die Grieke vertel wie en hoe die kerk in die Ou Testament was.

- Die kerk was toe die Joodse volk.
- Hulle het toe die voorregte geniet om God se lyfeiendom te wees en om gedurig sy genade en beskerming te ervaar.

Maar sommiges van hulle is van hierdie voorregte beroof.

- Die rede: Omdat hulle afgodsdienaars was, terwyl hulle in die kerkvolk was.
- God moes dus sy volk sif om al diegene wat nie 'n lewe van bekering geleef het nie, uit sy volk uit te verwyder.

In vers 2 word die betekenis hiervan verder verduidelik – sodat ons presies kan sien waar ons pas (voorbeeld)!

- Hulle is gedoop in die wolk en in die see.
- Hulle het dus die merkteken gedra dat hulle God se volk is en dat hulle Hom volg – soos ons en ons kinders wat gedoop is en dieselfde merkteken dra!

Die Bybel leer hier iets baie belangriks, naamlik dat hierdie mense toe al onder die versorging van Jesus Christus was.

- Dit staan nie in Eksodus beskryf nie, maar hier in Korintiërs.
- Die rots wat die water gegee het, het gepreek dat Jesus hulle van die dood sou verlos, soos wat die water hulle van die dorsdood verlos.

Daardie volk moes God dus goed geken het, want God het Hom dikwels en kragtig aan hulle geopenbaar.

- Hy het hulle hoeveel keer van 'n besliste dood verlos.
- Maar hulle het aangehou om hulle eie standarde te stel: elke keer as 'n saak nie na hulle sin was nie, was hulle bitterlik teen God in opstand, en dan wou hulle Moses doodmaak, want hy was die tussenganger tussen hulle en die Here.

Nou lees vers 6:

**En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie.** (1 Korintiërs 10:6 AFR1953)

*Ons moet ons bekeer van sulke sondes, want ons sien mos nou wat die Here met kerkmense doen wat alewig kla wanneer die lewe nie na hulle smaak verloop nie, en wat ook dikwels as gevolg van hulle eie sondes teen die kerk in opstand kom.*

- Daarom eis die Here met hierdie hele saak van ons dat ons 'n bekeringslewe moet lewe, en die Here moet dien in voorspoed en in druk.
- As daar 'n beproewing oor ons kom, het dit altyd gevolge: óf dit verdiep jou geloof en jy dien God beter óf dit laat jou verhard en jou teen God verhef.

Die begeerte om te breek met dit wat reg is, leef maar by almal van ons en dit is dikwels ook juis dit wat ons pyn veroorsaak. Dit is waarom vers 6 sê:

**Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie.** (1 Korintiërs 10:6 AFR83)

*Kyk wat het met hulle gebeur omdat hulle dinge begeer het wat 'n kerkvolk nie toekom nie.*

Jakobus 1:15 pas sekerlik hier by:

**Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.**

(Jakobus 1:14-15 AFR1953)

Kom ons kyk net ter wille van eerlikheid wat die Jode nou eintlik gedoen het wat die Here so ontstel het.

- Hulle het geëet en gedrink en gehoereer.
- Hulle het dus presies maar net gedoen wat ons vandag doen.
- Hulle het nie sondes gedoen wat intussen verouderd geraak het nie. En ons doen ook nie sondes wat nie in hulle tyd bestaan het nie.

Daar was van die mense verwag om honderd persent eerbaar te lewe en om met 'n mooi lewe te vertoon dat hulle aan God behoort.

- Dit is dieselfde eis wat aan ons gestel word.

Ons weet ook dat die gebeurtenis waarna verwys word, spesifiek die geskiedenis van Eksodus 32 is.

- Dieselfde woorde wat hier staan, staan ook daar geskryf.
- Hulle het 'n goue kalf gemaak en daarna het hulle begin drink en eet en opgestaan om te speel.
- In hierdie "speel" was waarskynlik die vrugbaarheidspele van die heidendom ingebou.
- God is baie ernstig oor hierdie saak: Hy sê dat hulle die goue kalf aanbid het.

Kyk wat is die beginsel: *As ons verkeerde dinge doen, terwyl ons van beter weet, is ons besig om God te verlaat.*

- Die Here kyk dit ook nie mis nie.
- Daarom het Hy daardie dag drieduisend Israëliete doodgemaak.

Die mense het in 'n verkeerde gesindheid van gerustheid in hulle eie insig vasgeval en versmoor.

- Maar in sy alomteenwoordigheid weet God wat ons doen – dit maak nie dat Hy sy verwagtinge van ons verander nie.
- Ons vergeet ook dikwels dat God sien wat ons doen en dat Hy ons gaan straf as ons aanhou verkeerd doen.

Dit is die kwespunt van hierdie preek.

- Die Here vertoorn Hom baie as ons skandalige dinge doen.
- Hy hou nie daarvan dat ons oneerbare dinge doen nie – veral nie as ons nog hierdie dinge probeer regverdig nie.
- *Dit bly nie net daarby dat die Here kwaad word oor 'n sondaar wat nie wil hoor nie. Indien daar geen bekering kom nie, word so 'n mens deur God verdag.*

Daar is mense wat dink dat die Here nou niks aan ons kan doen nie – Hy moet eers wag vir die wederkoms voordat Hy ons kan straf.

Dit is onwaar! God kan ons in hierdie lewe al uitwis as Hy wil – soos wat Hy daardie dag drieduisend Israëliete doodgeslaan het.

Kyk na die betekenis van daardie stuk geskiedenis wat die agtergrond vorm van hierdie preek.

- Israel is van Egipte af op pad na die beloofde land.
- Simbolies word hulle deur die Here Jesus Christus uit 'n wêreld wat floreer in sonde en ongehoorsaamheid, weggelei na die volmaakte koninkryk van God.
  - Maar daar is ook die punt van vergelyking in dat die gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid van hierdie mense bepaal dat hulle na 'n sekere adres toe gaan.
  - Die mens wat hom teen God verhef, kan nooit 'n beter lewe verwag as een waar God nie is nie – dit is in die hel.

Vers 10 vertel dat hulle later verspieders gestuur het toe hulle die beloofde land moes ingaan.

- Net twee verspieders doen verslag dat hulle in die krag van God kan ingaan.
- Die ander verspieders het nie net gesê dat hulle nie in die land kan intrek nie, hulle het ook nog 'n slegte gerug aangaande die land versprei.
- Numeri 14 vertel dat die HERE hulle in 'n plaag voor Hom weggevee het.

Meteens is die apostel nog ernstiger as wat hy tot nou toe was.

- Ons leef aan die einde van die tyd –

- o vlak voor die finale koms van die Here Jesus Christus en van die oprigting van sy koninkryk;
- o vlak voor die hemel – maar ook vlak voor die hel.

Wat maak ons hiervan?

**Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.**

(1 Korintiërs 10:11 AFR1953)

Wees gewaarsku: die einde is hier!

Hierdie gedeelte stel die oordeel en die genade baie, baie skerp.

- Die ou tyd se mense is al deur die Here Jesus Christus verlos.
- En die ongehoorsames het hulle toe al teen Hom vasgeloop!
- *As hulle voor die koms al hel toe is omdat hulle gedink het dat God blind is en nie die sonde kan straf nie, hoeveel meer gaan diegene hulle vasloop nadat Hy met sy kruis sy krag oor sonde en dood openlik bevestig het nie.*

*Dieselfde geld die genade. Dié wat gered is, was nie sondeloos nie, maar die getrouheid van hulle geloof het aan hulle die liefde van God besorg.*

Nou kom staan God voor ons. Sy boodskap is: Julle lewe naby aan die wederkoms! Pasop dat julle nie val nie!

- Die Here dreig nie. Hy onderstreep sy genade: Hy vertrou ons soveel dat ons in hierdie belangrike uur sy koninkryk mag versorg deur bloot gehoorsaam te wees en dit te bewys met 'n skoon lewe.
- Ons kan dus die eer van God handhaaf.

Dit staan in vers 13:

**Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie;**

(1 Korintiërs 10:13 AFR1953)

*Dit is nou die krag en die genade van die Here Jesus Christus waarin elkeen van ons staan. Ons kry nou baie krag, en ons moet dit benut – kyk na die voorbeeld van ou Israel!*

Die vers gaan verder:

**maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.** (1 Korintiërs 10:13 AFR1953)

Kyk net hoe skuldig stel God ons hier in sy genade.

- Deur Jesus Christus het ons die krag om reg te lewe.
- In Jesus Christus behoort die koninkryk van God ook aan ons, want dit sal ons blyplek wees.
- Dit is werklik ons troos in lewe en in ons dood (of wanneer ook al ons met die dood van ons geliefdes te doen het).

Die voorbeeld is nie net neergeskryf om die toorn van God te demonstreer nie.

- Lees dit reg, dan sien ons dat dit ook neergeskryf is om God se genade oor ons te demonstreer, juis om ons te versterk, sodat ons moet aanhou met die goeie lewe wat Jesus Christus van ons vra.

- Die Here vra dit veral van ons, want ons leef aan die eindes van die tyd – 'n tyd waarin God sterk mense vra, wat verstaan, en wat Hom dien met elke stukkie van hulle krag en verstand.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 86:2 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,  
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.  
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;  
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 11 Mei 2008 (oggend)